

2

BILEAM EN DIE DONKIE God praat met ons

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet verstaan dat God op verskillende maniere vir mense vertel het wie Hy is en wat Hy vir ons doen.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- die verhaal van Bileam en die donkie ken.
- verstaan dat God deur die donkie met Bileam gepraat het.
- weet dat God met ons deur die Bybel praat.

Gesindheid

Die kinders moet ook graag na God se Woord wil luister.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- die hooftrekke van die verhaal kan noem.
- vir iemand gaan vertel wat met Bileam en die donkie gebeur het.

MEER INLIGTING (Numeri 22)

- Vertoon prentjie 1, waar Bileam besig is om te bid.

Eendag was daar 'n man en sy naam was Bileam. Bileam wou na 'n ander land se koning toe gaan, die koning van Moab. Die koning wou hê Bileam moet vir hom kom bid. Hy wou dat Bileam se God hom help om al sy vyande dood te maak.

Die Here sê toe vir Bileam hy mag nie gaan nie, want dit is 'n slegte koning daardie. Bileam het na die Here geluister. Maar toe stuur die koning sy boodskappers weer na hom toe. "Bileam," sê hulle, "ons koning sal jou baie betaal as jy na hom toe kom en vir hom kom bid."

- Vertoon prentjie 2, met Bileam wat gierig dink oor die baie geld wat hy gaan kry.

Bileam is baie bly toe hy dit hoor. "Baie betaal?" dink hy. "Dan gaan ek mos 'n ryk man wees. Ek dink ek moet maar na daardie koning toe gaan. Die Here sal seker nie kwaad wees nie."

Bileam pak sy goed in. Toe klim hy op sy donkie en begin met sy reis na daardie land. Al die pad sit hy en dink aan die baie geld wat hy gaan kry... "Oe, ek gaan lekker ryk wees!" dink hy.

- Vertoon prentjie 3, waar Bileam die donkie slaan.

Bileam sit nog so en droom op die donkie, toe die donkie skielik uitswaai en in die veld inloop. "Jou simpel donkie!" skreeu Bileam, en woep! woep! woep! slaan hy die arme donkie. "Gaan terug na die pad toe! Ek het amper afgeval toe jy so skielik uitswaai."

Die donkie gaan terug pad toe, maar toe loop hy weer aan die ander kant van die pad, styf teen die muur wat daar gebou is. "Eina! My voet!" skreeu Bileam weer. "Jy het teen die muur vasgeloop, en my voet vasgeknyp. Dom donkie, vat so, ek slaan jou weer tot jy terug is in die pad! Woep! Woep!"

Die donkie was net in die pad, toe gaan lê hy. Dit is asof hy net nie wil vorentoe gaan nie.

Bileam kan dit nie verstaan nie, maar nou is hy baie kwaad. Want toe die donkie gaan lê, moes hy vinnig afspring, anders het die donkie op sy bene gaan lê!

"Jou slegte donkie, hoekom gaan lê jy nou? Wat is fout met jou? Hoekom wil jy nie vorentoe loop nie, daar is mos niks in die pad nie? Wag, laat ek net daardie stok gryp. Nou gaan ek jou hard slaan. Jy wil mos nie hoor nie!"

Bileam gryp die stok, maar net toe hy die donkie die eerste hou gee, gebeur daar 'n baie vreemde ding. Die donkie kyk om na Bileam, en hy begin met Bileam praat!

- Vertoon prentjie 4, van die donkie wat lê en dan omkyk na Bileam en met hom praat.

"Meneer, hoekom slaan jy my so? Wat het ek verkeerd gedoen? Jy het my nou al drie keer geslaan!"

Bileam skrik so groot, hy gooi die stok sommer weg en spring so 'n entjie terug. "Het ek nou mal geword? Hierdie donkie praat dan met my, en 'n donkie kan mos nie praat nie?" dink hy by homself.

"Donkie, van wanneer af kan jy praat? Maar jy het gesoek na slae. Jy wil dan nie in die pad loop nie. Eers loop jy uit die pad uit, en nou gaan jy sommer lê! Jong, jy kan bly wees ek het

nie 'n swaard by my nie, anders het ek jou sommer doodgekap!”

“Maar Meneer,” sê die donkie, “jy ry dan altyd op my. Het ek al ooit so met jou gemaak?”

“Nee, jy het nie. Maar dit is hoekom ek so kwaad geword het. Ek weet nie wat nou met jou aangaan nie!”

- Vertoon prentjie 5, van die engel met die swaard voor Bileam in die pad.

Skielik sien Bileam 'n figuur voor in die pad. “Wie is dit?” Hy kyk mooi, en toe skrik hy weer. “Dit is 'n engel!” roep hy uit. Toe word Bileam sommer baie bang. Want die engel lyk so kwaad... en Bileam sien hy het 'n swaard in sy hand. Dit lyk of hy iemand met die swaard wil kap!

Bileam val op die grond neer en buig voor die engel. “Asseblief, meneer Engel, vergewe my. Ek verstaan nou eers wat aangaan. Dit is nie die donkie wat dom was nie, dit is ek, want ek wou nie na die Here luister nie!”

- Vertoon prentjie 6, van Bileam wat voor die engel kniel.

“Die donkie het gesien u staan voor ons in die pad, daarom wou hy nie vorentoe loop nie. Maar ek het u nooit gesien nie...”

Bileam het nou geweet hoekom die engel daar staan. Dit is omdat hy ongehoorsaam was, omdat hy nie na die Here geluister het nie! Daarom het die engel daar gestaan om hom met die swaard te kap!

Maar gelukkig is die Here so lief vir hom dat Hy hom nog 'n kans gegee het. En omdat Bileam nie die engel kon sien nie, het God die donkie laat praat, sodat hy die engel vir Bileam kon wys.

Ai, dit is wonderlik dat die Here so lief is vir ons! Selfs as ons stout is of sonde doen, wil Hy ons liever vergewe as om ons te straf.

Dit is hoekom die Here met ons as mense praat. Hy praat met ons om ons te wys wat ons moet doen om nie gestraf te word nie. Om ons te wys wat Hy wil hê ons moet doen in ons lewens.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Afdrucke van die prentjies hieronder, vergroot volgens behoefte, sodat dit vertoon kan word, of op rekenaar om dit op 'n skerm te projekteer.
- Vir elke kind 'n afdruk op karton van die donkie hieronder wat gevou kan word.

KOM ONS BEGIN

Open deur Gesang 254 as gebed te lees of te sing:

*Spreek Heer, spreek Heer,
want u kinders luister.
Net u Woord, Heer,
bring weer lig in duister.
Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

Herinner hulle dat hulle Les 1 se tuisopdragte vir volgende week moet ken.

BEGIN SO

Voer 'n inleidende gesprek oor die vraag of diere in die regte lewe kan praat. Vra vrae soos die volgende:

- Het julle al gehoor hoe 'n regte bees of donkie met mense praat? Nie soos in 'n film of strokiesprent nie, maar 'n regte bees of donkie?
- Wat sal jy doen as so 'n dier skielik met jou begin praat?
- Maar kom ek vertel vir julle van 'n regte donkie wat gepraat het. Ons lees in die Bybel van hierdie donkie.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die verhaal van Bileam en die donkie. Die inligting is in 'n storienvorm gegiet en kan net so gebruik word, saam met die vertoning van die prentjies. Projekteer die prentjies een vir een op 'n skerm indien moontlik. Anders kan fotostate een vir een teen 'n muur, blaaibord of staanbord vasgesit word. Dit is belangrik om een prentjie op 'n keer te wys, terwyl die storie vertel word.

IETS BELANGRIK

- Ons het nou gehoor hoe die Here met Bileam gepraat het. Hoe dink julle praat die Here vandag met ons? Ja, Hy praat met ons veral deur die Bybel. Dit is hoekom ons die Bybel *God se Woord* noem. Want God se woorde is daarin geskryf.
- Elke keer as ons die Bybel lees, of na iemand luister wat uit die Bybel lees of preek, hoor ons wat God vir ons wil sê.
- Wat moet ons doen as ons na die Bybel luister? Ons moet leer om altyd mooi te luister en dan te lewe soos die Here vra.

IETS OM TE DOEN

- Gee vir elke kind 'n afdruk van die kartondonkie.
- Laat hulle dit inkleur.
- Laat hulle die kartondonkie op die stippellyne vou sodat dit kan staan.
- Herinner hulle weer aan die volgende: Elke keer as jy hierdie donkie sien, onthou dan om altyd na God te luister as Hy met jou praat.
- God praat met ons deur die Bybel.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle die donkie by die huis vir hul ouers gaan wys.
- Terwyl hulle die donkie wys, vertel hulle vir hul ouers wat met Bileam en die donkie gebeur het.
- Laat hulle die donkie op 'n plek gaan neersit waar hulle dit elke dag kan sien.


Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- God praat met my elke keer as ek die Bybel lees, of na iemand luister wat daaruit lees of preek.
- Ek is gehoorsaam aan God as Hy met my praat.


AFSLUITING

Sluit af met gebed.







Bileam bid



Bileam dink gierig aan geld



Bileam slaan donkie



Donkie praat met Bileam



Bileam sien engel met swaard



Bileam buig voor engel